Op reis met Laurika ...

'n Vars wind deur Afrikaanse musiek

Deur BARRIE HOUGH

NÁ die bevredigende, maar beperkende reis tussen Berlyn en Bapsfontein – oorlaai met Brecht- en Brel-bagasie – ontdek Laurika Rauch 'n nuwe kontinent. Haar toerleier is die verbeeldingryke, bekroonde regisseur Ilse van Hemert, en haar reisgenoot die baie talentvolle Philip Moolman. En die reis is gevaarlik, want mej. Rauch waag dit ver weg van haar bekende en veilige repertorium. Sy het die kettings van haar eie clichés iewers langs die pad verloor en loop vry.

Laurika op Nagskof, 'n "musiekmaskerade", gaan soos 'n vars rukwind deur die saai Afrikaanse musiek- en kabarettoneel waarin op die maat van niksseggende musiek oor nietighede geteem word. In hierdie wonderlike en verrassende vertoning is geen seemeeu, geen strandhuisie, geen vermoeide gunstelingliedjie nie. Dis als nuut. Hoera!

In *Nagskof* word die liefde en menseverhoudings op onvoorspelbare en visueel aangrypende maniere gekarteer. In 'n versigtige konstruksie van liedjies, dialoë en monoloë kry die gehoor skielik insigte uit verrassende invalshoeke.

In die monoloog *Selfverdediging* word die oorwegend ernstige mej. Rauch se aansienlike komiese talent getap. In haar vertolking van die mannetjiesagtige meisie met pretensies omtrent die Oosterse gevegskunste en almal wil beïndruk, maak sy 'n totale gek van haarself. Die chaos word egter verrassend harmonie wanneer sy en haar verveelde opponent skielik begin dans.

Die dans, terloops, is een van die refreine wat *Nagskof* bind. Om die beurt vreugdevol, makaber en harmonieus is die dans ook 'n barometer van stemming.

'n Ander vernuftige teken of simbool wat *Nagskof* saamtrek, is die onkonvensionele weerpoppie-paar. Wanneer mej. Rauch in een toneel van buite uit die reën binnekom, maak sy haar sambreel oop en op die maat van fyn musiek word sy die tollende poppie in 'n juweelkissie.

Later, ná *Sonder seile in die wind*, hou Philip Moolman in 'n reënjas die lantern omhoog en word op die maat van dieselfde fyn juweelkismusiek 'n poppie wat draai. En skielik sien jy die weerpoppie-paar saam. 'n Metafoor word byna magies en verrassend voltooi. Dit lewer ook baie effektief kommentaar op die aard van die liefde.

Mej. Rauch se tragi-komiese monoloog *Die fotograaf* is 'n verlenging van 'n deernisvolle toneel uit 'n vorige werk wat mej. Van Hemert geregisseer het – *Die man in die blou maan*. Mej. Rauch is die onsekere model van wie foto's geneem word. Soos sy babbel en al hoe weerloser word, flits lig terwyl die fotograaf foto's neem. Sy kamera se lang lens gee 'n seksuele dimensie aan die fotosessie. Dit word ten slotte 'n verkragting.

In die briljante *Gawie se skoene* word 'n alledaagse nietigheid – die poets van skoene – geplaas naas die maatskaplike katastrofe van oorlog. Terwyl Gawie (Moolman) voortklets oor sy skoene, bars bomme om die huis en word die fondamente geruk. Die menslike geaardheid word só vernuftig in perspektief geplaas.

In die ontroerende liedjie *Klara Majola* – na die meisie in 'n gedig van D.J. Opperman, wat haar eie lewe opgeoffer het om haar blinde pa te probeer red – is daar slim woordspel met "Klaradyn" van 'n ligter volksliedjie.

Só is die hele *Nagskof* vol verkwikkende detail en verrassinkies. Tussen die bedrewe teksskrywer Pieter Swanepoel en die sonderlinge regisseur Ilse van Hemert herhaal hulle hier die sukses van hul vorige spanpogings, *Dalk* en *Die man in die blou maan*.

Hoewel *Nagskof* duidelik vir die sentrale talent van mej. Rauch gekonsipieer is, hoef Moolman geen tree terug te staan nie. Dis waarskynlik die eerste keer dat mej. Rauch 'n sangmaat het wat haar effektief kan balanseer. Philip Moolman is, soos Laurika Rauch, 'n puik sanger en veelsydige akteur.

Peter McLea se komposisies vir die lirieke is indrukwekkend en weerspieël musikaal die inhoud daarvan.

Laurika op Nagskof word tot 28 November in die Théâtre Rendezvous van die Staatsteater, Pretoria aangebied. Op 29 November is dit in die Johannes Stegman-Teater op Secunda en op 1 Desember in die Etienne Rousseau-Teater op Sasolburg. *Nagskof* word deur Sasol geborg.

LAURIKA RAUCH waag iets nuuts in *Laurika op Nagskof* . . . en wen.